RAADSBELEID

ONDERWERP : BELASTINGKORTING AAN PENSIOENARISSE

VERWYSING : 5.3.1.5

BESLUIT NR : 26/10/2002 DATUM : 28 Oktober 2002

BELEIDSOOGMERK : Om die toestaan van korting op eiendomsbelasting aan pensioenarisse te reguleer.

BELEIDSFILOSOFIE EN BEGINSELS
Om as deel van die Raad se sosiale verpligting om korting op eiendomsbelasting te verskaf.

RIGLYNE
1. Die volgende voorwaardes word gestel om te kwalifiseer vir korting op eiendomsbelasting:

1.1 Die aansoeker moet 60 jaar en ouer wees.

1.2 Die waardasie van die eiendom waarop korting verlang word, mag nie R200 000,00 oorskry nie.

1.3 Die eiendom moet in die aansoeker se naam geregistreer wees.

1.4 Die aansoeker moet self die eiendom bewoon en mag nie onderverhuur nie.

1.5 Die gesamentlike inkomste van die aansoeker en sy/haar gade mag nie R2 200,00 per maand oorskry nie.

2. Korting word op ‘n glyskaal bereken wat soos volg op die gesamentlike inkomste gebaseer is:

2.1	Inkomste tot en met R1 600,00 per maand	40% korting
2.2	Inkomste R1 601,00 tot R1 800,00 per maand	30% korting
2.3	Inkomste R1 801,00 tot R2 000,00 per maand	20% korting
2.4	Inkomste R2 001,00 tot R2 200,00 per maand	10% korting

3. Die korting ter sprake is slegs op die eiendomsbelasting en sluit nie gesondheidsbelasting, vullisverwydering en riool in nie.

4. Daar moet jaarliks vir die korting op eiendomsbelasting aansoek gedoen word.

PROSEDURE
1. Bekendmaking van die voordeel wat beskikbaar is vir pensioenarisse, word jaarliks op die verbruikersrekeninge, wat **Augustus maand** uitgestuur word, bekend gestel.

2. Die voorgeskrewe vorms is by die Belastingafdeling asook by alle ander Munisipale betaalpunte beskikbaar.

3. Dat jaarliks om korting vir belasting aansoek gedoen moet word en dat **30 November**, die laaste dag sal wees waarop aansoekvorms vir korting op belasting vir die betrokke finansiële jaar, naamlik, **1 Julie tot 30 Junie** vir verwerking en uitbetaling ontvang sal word..
4. Voltooide vorms, tesame met die nodige bewyse van inkomste en geboortedatum, kan by enige van die volgende punte ingedien of versend word:

4.1 Per pos, aan die Munisipale Bestuurder; Privaatsak X6003; Upington, 8800.
4.2 By die Belastingafdeling van die Munisipale Hoofkantoor.
4.3 By enige ander Munisipale betaalpunt.

ROLLE
Die Subdirektoraat Finansies.

VERWANTE BELEID
Geen

HERROEPINGS/WYSIGINGS
Dat alle vorige beleidsbesluite in hierdie verband herroep word.